# VRYMANNE, EREBURGERSKAP EN DIE VRYHEID VAN TOEGANG TOT DORPE EN STEDE

*P. van Breda*

*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

Die eietydse gebruik om die ereburgerskap van 'n bepaalde stad of dorp aan 'n persoon toe te ken, het in Engeland ontstaan en nie by die Romeine soos soms geargumenteer word nie. In hierdie verband is dit van belang om oorsigtelik te kyk na die redes waarom die Romeine burgerskap aan nie-Romeine verleen het.

## ROMEINSE "EREBURGERSKAP"

'n Romeinse burger was aanvanklik 'n persoon wat uit 'n wettige Romeinse huwelik gebore is of wat burgerskap as gevolg van naturalisasie verwerf het.[1] Later is Romeinse burgerskap (soms verkeerdelik Romeinse "ereburgerskap" genoem omdat dit 'n besondere eer was om 'n Romeinse burger te word) deur die heersers in Rome en in sekere gevalle ook deur militêre bevelvoerders aan nie-Romeine toegeken wat in die Romeinse Ryk gewoon het.[2] In hierdie verband het daar nie altyd voorskrifte oor watter nie-Romeine kwalifiseer, bestaan nie.[3] Gevolglik het die toekenning van burgerskap dikwels van die beleid en motiewe van bepaalde heersers en bevelvoerders afgehang. In teenstelling hiermee is ereburgerskappe in Engeland in ooreenstemming met sekere riglyne en tradisies toegeken.[4] 'n Verdere verskil tussen Romeinse "ereburgerskap" en die ereburgerskappe wat eeue later in Engeland en sedert die 20ste eeu in Suid-Afrika toegeken word, is dat terwyl eersgenoemde burgerskap van 'n wêreldryk beteken het, laasgenoemde tot die ereburgerskap van 'n plaaslike bestuursgebied beperk is.

Die vroegste toekenning van Romeinse burgerskap aan nie-Romeine was tydens die uitbreidingsoorloë van die vroeë Romeinse republiek in Italië (509 - 275 v.C).[5] Gedurende die tydperk na die geboorte van Christus is Romeinse burgerskap tot só 'n mate uitgebrei dat daar in 212 n.C. besluit is om dit aan alle vry inwoners van die ryk te gee.[6] Sedert 72 n.C. is burgerskap in sekere gevalle ook aan nie-Romeine wat buite die grense van die ryk gewoon het, toegeken.[7] Voor 212 n.C. en veral gedurende die tydperk voor die geboorte van Christus, is die ontvangs van burgerskap deur nie-Romeine as 'n groot eer beskou.[8] In hierdie verband het die ontvangers 'n Romeinse naam aanvaar en dikwels die woord "Romanus" by hulle titels geskryf.[9] In die finale instansie het die nie-Romeine egter slegs burgerskap ontvang en nie ereburgerskap nie. Die gebruik van die woord "ereburgerskap" om hulle status te omskryf, het tot 'n wanopvatting gelei, naamlik dat die eietydse gebruik om ereburgerskappe toe te ken, by die Romeine ontstaan het.

Romeinse burgerskap is om verskeie redes aan nie-Romeine toegeken. Soms moes dit as 'n eerbewys dien, terwyl dit in ander gevalle as 'n omkoopgeskenk of vergoeding bedoel was.[10] So byvoorbeeld het die Romeinse staatsman en veldheer, Garius Julius Caesar (100-44 v.C.), burgerskap as teenprestasie aan nie-Romeine verleen wat nie teen sy bewind in opstand gekom het nie. Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar belangrike verskille tussen Romeinse burgerskap en die ereburgerskap van 'n stad of dorp is, benewens die twee verskille wat reeds aangedui is. Romeinse burgerskap is aan sowel gemeenskappe as individue toegeken,[11] terwyl die ereburgerskap van 'n stad of dorp slegs aan 'n individu toegeken word. Tweedens word die ontvangs van 'n ereburgerskap altyd as 'n besondere eer beskou, terwyl sommige ontvangers van Romeinse burgerskap dit as 'n teenprestasie ter vergoeding van sekere dienste gelewer, beskou het. Derdens dien die toekenning van 'n ereburgerskap altyd as 'n erkenning vir 'n besondere prestasie of diens wat aan die gemeenskap gelewer is, terwyl die toekenning van Romeinse burgerskap dikwels as 'n omkoopgeskenk bedoel was.

## VRYMANNE EN EREVRYMANNE IN ENGELAND

Die gebruik in Suid-Afrika om die ereburgerskap van 'n bepaalde stad of dorp aan 'n persoon toe te ken, het in Engeland ontstaan. Om dit te kan verstaan, is dit eerstens van belang om die begrippe "vryman" en "gilde" te ontleed. Teen die middel van die 12de eeu het baie dorpe in Brittanje reeds 'n stigtingsakte ("charter") van die koning ontvang wat aan hulle die reg verleen het om hulle eie amptenare te verkies, markte te hou en om hulself in vele ander opsigte te regeer. Baie dorpe moes ook in hierdie verband hulle onafhanklike status van landhere koop.[12] Gedurende die Middeleeue was die primêre funksie van 'n dorp in Engeland om 'n plek te voorsien waar 'n mark gehou kon word en ook om as sentrum te dien vir die ambagte wat destyds groot aansien geniet het, te wete die goudsmede, handelaars, glaswerkers en koetsmakers. Later het elke ambag sy eie gilde (beheerliggaam) gestig. Die lede van die gildes het nie alleen die sake van die verskillende ambagte gereël nie, maar ook saam met vrymanne die dorpsaangeleenthede behartig omdat hulle dikwels die enigste was wat dit kon bekostig om regte van die landhere te koop. Die persone wat aan die roer van sake gestaan het, was die sogenaamde "vrymanne" ("freemen") waarvan die meeste ook "vrymanne"

1 P. van Warmelo, *'n Inleiding tot die studie van die Romeinse reg* (Kaapstad, 1965), p. 43; *The Oxford classical dictionary* (Oxford, 1961), p. 195.

2 E. Badian, *Foreign clientelae, 274-70 B.C.* (Oxford, 1967), p. 259.

3 A.N. Sherwin-White, *The Roman citizenship* (Oxford, 1939), pp. 241-242.

4 Wet (no. 29 van 1885) . . . *"Honorary Freedom of Boroughs Act"* (Britse parlement).

5 Inligting (skriftelik) verstrek deur mnr. D.S. Hendriksz, Universiteitsbiblioteek, Stellenbosch, 30.5.1984 (beskikbaar by IGN, RGN).

6 *The Oxford classical dictionary*, p. 195.

7 Badian, *op. cit.*, p. 281.

8 Sherwin-White, *op. cit.*, pp. 241-242.

9 *The Oxford classical dictionary*, p. 195; Sherwin-White, *op. cit.*, p. 242; Badian, *op. cit.*, p. 253.

10 Sherwin-White, *op. cit.*, pp. 241-242.

11 H.H. Schullard, *From the Gracchi to Nero: a history of Rome from 133 B.C. to A.D. 68)* (London, 1964), pp. 69-70.

12 *The new Encyclopaedia Britannica 4* (Chicago, 1977), p. 648.

van die gildes was.[13] Die woord "vryman" was oorspronklik 'n definisie van die status wat 'n persoon in 'n feodale samelewing geniet het.[14] In Engeland is die woord egter later gebruik om te verwys na 'n persoon wat die volle voorregte van 'n plaaslike bestuursgebied ("borough") geniet. Só 'n vryman het die vryheid van die stad/dorp ("freedom of the city") geniet.[15]

Die vryheid van die stad/dorp kon op vier maniere verkry word, waarvan die eerste deur geboortereg was. Die seun of dogter van 'n vryman kon naamlik op die vryheid van die stad/dorp aanspraak maak. Tweedens kon die titel van vryman gekoop of as 'n geskenk ontvang word. Derdens kon 'n persoon 'n vryman word deurdat hy 'n vakleerlingskap by 'n vryman voltooi en sodoende tot 'n gilde toegelaat word. In hierdie verband bestaan daar voorbeelde van weeskinders wat in Londen van 1715 tot 1740 vakleerlingskappe by vrymanne voltooi het, waarna hulle vrymanne geword het en gevolglik die vryheid van die stad geniet het. Laastens kon die vrou, weduwee en skoonseun van 'n vryman of die eggenoot van 'n vryman se weduwee ook op die vryheid van die betrokke plaaslike bestuursgebied aanspraak maak.[16] Uit die voorgaande blyk dit dus dat 'n vryman nie noodwendig 'n inwoner van die dorp of stad, waarvan hy die vryheid geniet het, moes wees nie.

Die gewone dorpsinwoner het geen seggenskap oor die administrasie van sy dorp gehad nie. In teenstelling hiermee het die vrymanne waardevolle regte en voorregte geniet. Hulle was onder andere vrygestel van die betaling van dorpsbelasting en tolgelde en was ook die enigste wat geregtig was om hul vee op die dorpsmeent te laat wei.[17] Verder was vrymanne aanvanklik die enigste stemgeregtigdes met betrekking tot plaaslike en parlementêre verkiesings. In hierdie verband het vrymanne hulle posisies misbruik om parlementêre invloed te werf en ook om omkoopgeld van parlementêre kandidate af te pers. Laasgenoemde was moontlik omdat daar in sekere parlementêre kiesafdelings ("rotten boroughs") so min as twintig stemgeregtigdes (vrymanne) was.[18]

Gedurende die 16e eeu is die vergaderings van vrymanne in die verskillende stede en dorpe in liggame met regspersoonlikheid omskep. Die regte en voorregte van vrymanne is egter geensins hierdeur benadeel nie en gevolglik het die gewone dorpsinwoners steeds geen seggenskap oor plaaslike aangeleenthede gehad nie.[19] Hierdie omstandighede het wanbestuur en korrupsie bevorder.[20] In 1832 het die Britse Parlement die *Reform Act* aanvaar waardeur parlementêre stemreg uitgebrei is. Hierdie wet het egter geensins besluitneming op plaaslike vlak gedemokratiseer nie.[21]

In 1835 het die Britse Parlement die *Municipal Corporations Act* aanvaar. Die munisipale ordonnansie wat die volgende jaar in die Kaapkolonie gepromulgeer is en later deur die Boererepublieke nagevolg is, was na die voorbeeld van hierdie Britse wet.[22] Die 1835-wet het bepaal dat munisipale rade voortaan die regsverpersoonliking van gemeenskappe in Engeland en Wallis sou wees, wat verkies word deur, optree namens en verantwoording verskuldig is aan die dorpsbewoners. Die titel van vryman sou ook nie meer gekoop of as 'n geskenk ontvang kon word nie. Sodoende is baie regte van vrymanne afgetakel. Vrymanne was egter steeds stemgeregtig met betrekking tot plaaslike en parlementêre verkiesings. Verder het 'n vryman, sy vrou, weduwee, seun, dogter, die eggenoot van 'n dogter of weduwee van 'n vryman en vakleerlinge wat by vrymanne ingekontrakteer was, feitlik alle bestaande regte en voorregte behou. Hulle was onder andere steeds van die betaling van belastings en tolgelde vrygestel en kon hulle vee op die dorpsmeent laat wei. Verder sou hulle steeds deel in die rente en winste op gemeenskaplike eiendom van die plaaslike owerheid. Die 1835-wet het ook bepaal dat stadsklerke 'n lys met die name van alle vrymanne ("the freemen's roll") moes opstel en op datum hou.[23] In 1882 is 'n tweede *Municipal Corporations Act* deur die Britse Parlement aanvaar. Daarin is die vereistes waaraan 'n persoon moes voldoen alvorens by 'n vryman kon word, nader omskryf. Hierdie wet het egter, in vergelyking met die 1835-wet, geen verandering met betrekking tot die posisie van vrymanne teweeggebring nie.[24] Ook die *Municipal Corporations Act* van 1883[25] en die *Local Government Act* van 1888[26] het geen verandering in die posisie van vrymanne teweeggebring nie.

Die woord "vryman" het as gevolg van die wetgewing van 1835 en 1882 sy oorspronklike betekenis en baie van sy prestigewaarde verloor. Gevolglik het die gedagte ontstaan om 'n nuwe "titel" te skep wat toegeken sou word aan vooraanstaande persone of persone wat voortreflike dienste aan 'n plaaslike gemeenskap gelewer het. In hierdie verband is in 1885 die *Honorary Freedom of Boroughs Act* aanvaar. Hierdie wet het later as model vir die toekenning van ereburgerskappe in Suid-Afrika gedien. Dit het aan plaaslike besture in Engeland en Wallis die bevoegdheid verleen om ereburgerskappe toe te ken aan "persons of distinction or who have rendered eminent services to the borough". Die ontvanger van hierdie eerbewys sou as 'n "erevryman" ("honorary freeman") bekend staan. Geen addisionele stemreg, of vrystelling van die belastings of die bepalings van 'n plaaslike owerheid se verordeninge sou aan erevrymanne verleen word nie.[27] Net soos in die geval van vrymanne, was dit nie nodig vir 'n persoon om 'n inwoner van 'n bepaalde dorp of stad te wees om 'n "erevryman" van dié stad of dorp te word nie. In Suid-Afrika word daar in Engels na só 'n persoon, net soos in Engeland, as 'n "honorary freeman" en in Afrikaans as 'n "ereburger" verwys. In hierdie verband ontvang 'n ereburger in Suid-Afrika die ereburgerskap van die *munisipaliteit* terwyl dit in Engels korrek is om te verwys na die "freedom of the *municipality*". Dit sou gevolglik verkeerd wees om in Suid-Afrika te praat of skryf van die "vryheid van die stad" ("freedom

[13] Inligtingstuk vir toekenning van ereburgerskappe opgestel deur die Verre-oosstreek van plaaslike owerhede synde 'n streeksvereniging van plaaslike owerhede (s.p., s.j.), p. 1 (kopie in besit van IGN, RGN).

[14] *Encyclopaedia Britannica* 9 (Chicago, 1969), p. 82.

[15] Inligtingstuk vir toekenning van ereburgerskappe, p. 1.

[16] W.L. LANGER (red.), *The rise of modern Europe: the quest for security, 1715-1740* (New York, 1947), p. 126; *Encyclopaedia Britannica 9,* p. 82.

[17] Inligting (skriftelik) verstrek deur mnr. J.C.G. Millar, ontwikkelingsbestuurder van die stad Kimberley, 28.6.1984 (beskikbaar by IGN, RGN).

[18] *Encyclopaedia Britannica 9,* p. 82; Inligtingstuk vir toekenning van ereburgerskappe, p. 1.

[19] Inligtingstuk vir toekenning van ereburgerskappe, p. 1.

[20] *The new Encyclopaedia Britannica 4,* p. 648.

[21] *Encyclopaedia Brittanica 9,* p. 82.

[22] L.P. GREEN, *History of local government in South Africa* (Kaapstad, 1957), p. 17.

[23] Wet (no. 76 van 1835, artikels 2 en 5) . . .*"to provide for the regulation of municipal corporations in England and Wales"* (Britse parlement).

[24] *Halsbury's statutes of England 19,* (Londen, 1970), pp. 239-278 (Municipal Corporations Act, 1882).

[25] *Ibid.*, p. 278 (Municipal Corporations Act, 1883).

[26] Wet (no. 41 van 1888) . . .*"to amend the laws relating to local government in England and Wales"* (Britse parlement).

[27] Wet (no. 29 van 1885) . . .*"Honorary Freedom of Boroughs Act"* (Britse parlement).



*Die burgemeester van Verwoerdburg, Raadslid P.A. van Niekerk, steek 'n lapelwapen vir die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, aan. By dieselfde geleentheid (8 Maart 1985) is die ereburgerskap van die dorp aan mnr. Botha oorhandig.*

FOTO: BEELD

of the city") soos die gebruik in Engeland is. In hierdie verband gee die *Munisipale Ordonnansie* (Ord. 20 van 1974) van die Kaapprovinsie en die *Ordonnansie op Plaaslike Owerhede* (Ord. 25 van 1974) van Natal, waarna later verwys word, baie duidelik uitsluitsel.[28]

Die feit dat daar nooit in Suid-Afrika vrymanne was nie, verklaar onder andere hoekom die woord "ereburger" in Afrikaans gebruik word. In Engels word die benaming "honorary freeman" om dieselfde rede soms verkeerdelik deur "honorary citizen" vervang. Die keuse van die woord "citizen" kan waarskynlik na Engeland teruggevoer word, waar dit oorspronklik gebruik is om lidmaatskap van 'n plaaslike owerheid aan te dui, terwyl die woord "onderdaan" ("subject") gebruik is om 'n persoon se verhouding met die staat (monarg) te beskryf. "Citizenship" het eers later die betekenis van burgerskap van 'n bepaalde land gekry.[29] Die Afrikaanse woord "burger" het in hierdie verband waarskynlik ook 'n rol gespeel.

In Engeland is die bepalings van die *Honorary Freedom of Boroughs Act* (1885) met enkele wysigings in die *Local Government Act* van 1933, soos gewysig, opgeneem. Die 1933-wet het bepaal dat die raad van 'n plaaslike bestuursgebied vooraanstaande persone en persone wat voortreflike dienste aan die betrokke dorp of stad gelewer het, erevryburgers ("honorary freemen") van die dorp/stad kan maak. In hierdie verband moet 'n twee-derde meerderheid verkry word op 'n spesiale raadsvergadering wat vir dié doel belê word. Dié toekenning mag egter geen finansiële voordele vir die ontvanger inhou nie en hy kan nie op die voorregte wat "gewone" vrymanne geniet, aanspraak maak nie. Verder magtig dié wet 'n plaaslike bestuur om 'n redelike bedrag geld beskikbaar te stel met die doel om 'n oorkonde te laat druk wat in 'n duursame houer aan die erevryman oorhandig word. Die betrokke stadsklerk moet, indien daar reeds voor die afkondiging van hierdie wet 'n ererol bestaan het, voortgaan om dié rol op datum te hou deur die name van nuwe erevrymanne en "gewone" vrymanne daarop aan te bring.[30]

In die *Local Government Act* (1933) is ook 'n volledige uiteensetting van die toelatingsvereistes vir en die regte van "gewone" vrymanne en ander inwoners van plaaslike bestuursgebiede gegee. In hierdie verband het die wet bepaal dat alle persone wat, indien die *Municipal Corporations Act* (1835) nie bestaan het nie, vrymanne van 'n bepaalde plaaslike bestuursgebied sou word (uitgesluit dié wat die titel van vryman gekoop of as 'n geskenk ontvang het), en ook diegene wat inwoners van die betrokke plaaslike bestuursgebied is, sekere regte sal geniet. Dieselfde regte sal ook opgeeis kan word deur die vrou, weduwee, seun en dogter van 'n vryman. Die eggenoot van 'n dogter van 'n vryman, die eggenoot van 'n weduwee van 'n vryman, asook 'n persoon wat vir 'n vakleerlingskap by 'n vryman van die plaaslike bestuursgebied ingekontrakteer is, het vir dieselfde regte gekwalifiseer. Hiérdie regte het hoofsaaklik betrekking op finansiële voordele wat mag spruit uit sekere gemeenskaplike bates van die plaaslike bestuur.[31] Hierdie sogenaamde regte het egter tans feitlik geen wesenlike betekenis meer nie.

## EREBURGERSKAP IN SUID-AFRIKA

Ereburgerskap is 'n eerbewys wat in Suid-Afrika sedert die tweede helfte van die 20ste eeu deur 'n munisipale raad betoon word aan persone wat dit na só 'n raad se mening waardig is. Dié gebruik is tot 'n groot mate gebaseer op die *Honorary Freedom of Boroughs Act* wat in 1885 deur die Britse Parlement aanvaar is en waarna reeds verwys is. Ereburgerskap bring in Suid-Afrika feitlik geen voorregte mee nie en dit kan nie herroep word nie. So byvoorbeeld is die enigste voorreg wat 'n ereburger van die stad Johannesburg gedurende die jare sestig geniet het, dat sy naam bo dié van oud-burgemeesters op die stadsamptelike onthaallys verskyn en dat vademekums van die stadsraad aan hom gestuur word.[32] Net soos in Brittanje hoef die ontvanger van 'n ereburgerskap nie 'n inwoner van die betrokke munisipaliteit te wees nie.

In Kaapland word ereburgerskappe toegeken ingevolge die *Munisipale Ordonnansie* (Ord. 20 van 1974), artikel 186(9). Dié ordonnansie bepaal dat 'n munisipale raad "ereburgerskap" van die munisipaliteit kan verleen aan dié persone wat na sy mening dit waardig is ("a municipality can confer the freedom of the municipality on such persons as it may consider worthy thereof"). Hieruit is dit duidelik dat dit foutief is om in Engels die benaming "honorary citizen" (verkeerdelik afgelei van die Afrikaanse woord "ereburger") te gebruik. Verder blyk dit uit hierdie ordonnansie dat 'n persoon byvoorbeeld die ereburgerskap van die *Munisipaliteit* Bellville sal ontvang en nie die ereburgerskap van die *stad* Bellville nie. In artikel 186(10) van dieselfde ordonnansie word verwys na die toekenning van medaljes, aandenkings, adresse of ander herdenkingstekens. Hierdie toekennings hou egter geen verband met die toekenning van ereburgerskap nie.[33]

In Natal word ereburgerskappe toegeken ingevolge die *Ordonnansie op Plaaslike Owerhede* (Ord. 25 van 1974), artikel 264(35), wat bepaal dat die raad van 'n munisipaliteit die ereburgerskap van die munisipaliteit kan verleen aan

28 *Gekonsolideerde ordonnansies en regulasies van Natal 8*, p. 154 (Ord. 25 van 1974, art. 264); *Ordonnansies van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop 3*, p. 2953 (Ord. 20 van 1974, art. 186).

29 *Encyclopaedia Britannica 5* (Chicago, 1969), p. 806.

30 *Halsbury's statutes of England 19*, pp. 547-548 (Local Government Act, 1933, artikels 259 en 260).

31 *Ibid.*, pp. 548-549 (art. 262).

32 *The Star*, 29.3.1962.

33 *Ordonnansies van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop 3*, p. 2953 (Ord. 20 van 1974, art. 186).

enige persoon van aansien of iemand wat uitstaande dienste aan die munisipaliteit gelewer het en adresse aan besoekende burgemeesters en aan persone wat die ereburgerskap van die munisipaliteit ontvang aanbied, met dien verstande dat die stadsklerk 'n lys van al sulke persone moet opstel en hou.[34] Anders as in Kaapland moet stadsklerke in Natal dus 'n lys met die name van al die ontvangers van ereburgerskap (algemeen bekend as 'n ererol) opstel en bewaar.

In die Vrystaat en Transvaal bestaan daar nie ordonnansies waarin vir die toekenning van ereburgerskap voorsiening gemaak word nie. Toekenning daar geskied kragtens die algemene bevoegdheid van munisipale rade.[35] In Transvaal byvoorbeeld magtig die *Ordonnansie op Plaaslike Bestuur* (Ord. 17 van 1939), soos gewysig, nie in spesifieke terme die toekenning van ereburgerskap nie. Dit het egter die gebruik geword om kragtens artikel 79(33) van hierdie ordonnansie die Administrateur te versoek om die toekenning van sodanige ereburgerskap en die uitgawe daaraan verbonde as synde 'n doel ingevolge voornoemde ordonnansie te beskou en as sodanig goed te keur. In die geval waar 'n stadsraad wel in sy begroting voorsiening gemaak het vir so 'n toekenning, met ander woorde indien hulle oor fondse beskik om enige uitgawes te dek, word die goedkeuring van die Administrateur nie benodig nie. Kragtens die betrokke ordonnansie moet 'n raadsbesluit om 'n ereburgerskap toe te ken, geneem word.[36]

'n Raadsbesluit is die eerste stap in die toekenning van 'n ereburgerskap. Die betrokke raadsbesluit behoort in breë trekke aan te dui watter tipe funksie gepaard moet gaan met die spesiale raadsvergadering waar die toekenning aan die toekomstige ereburger gedoen gaan word. Nadat die toekomstige ereburger aangedui het dat hy bereid is om die ereburgerskap te aanvaar, kan 'n spesiale komitee van die raad aangestel word om saam met die stadsklerk met die nodige reëlings belas te wees en dan dié reëlings aan die bestuurskomitee van die raad voor te lê.[37]

Die aard en omvang van die plegtigheid waartydens die ereburgerskap toegeken word, wissel na gelang van plaaslike omstandighede. Dikwels bestaan só 'n plegtigheid uit drie komponente waarvan die eerste 'n erewag is wat deur die toekomstige ereburger geïnspekteer word. Die erewag word normaalweg deur die plaaslike kommando-eenheid van die SAW gevorm. Wanneer die ontvanger van die ereburgerskap die Staatspresident is, kan die Staatspresidentswag versoek word om die erewag te vorm. Die tweede komponent is 'n spesiale raadsvergadering waartydens daar onder andere 'n oorkonde in 'n duursame houer (normaalweg 'n kissie van hout vervaardig) aan die ereburger oorhandig word. Verder word die inhoud van die oorkonde aan die aanwesiges voorgelees en die ereburger word die geleentheid gebied om 'n kort toespraak te lewer. Die derde komponent is 'n formele onthaal.[38]

## VRYHEID VAN TOEGANG TOT DORPE EN STEDE

Die gebruik in Suid-Afrika om die vryheid van toegang tot stede en dorpe aan militêre eenhede toe te ken, het in die Britse hoofstad ontstaan. In hierdie verband is spesiale regte wat die toegang tot gewapende magte binne die grense van Londen beheer oor 'n lang tydperk vasgestel. Aanvanklik het 'n geskilpunt bestaan rondom die vraag of burgers van Londen verplig kon word om militêre diens buite die stadsgrense te verrig. In hierdie verband het Koning Eduard in 1327 bepaal dat inwoners van Londen nie verplig kon word om aan vyandelikhede buite die stad deel te neem nie. Hierdie bepaling is in 1647 deur Cromwell se parlement herbevestig.[39]

Die kwessie van vryheid van toegang is in 1769 op die spits gedryf toe 'n afdeling gewapende soldate, nadat hulle 'n opstand by Spitalfields onderdruk het, deur die middestad van Londen gemarsjeer het tot groot ontsteltenis van talle inwoners. Die burgemeester het dadelik by die Minister van Oorlog beswaar gemaak. Laasgenoemde het onderneem dat só 'n voorval nie weer sal plaasvind nie. Voortaan sou 'n afdeling soldate vooraf van die burgemeester toestemming moes kry, alvorens hulle die stad kon ingaan.[40]

Die Komitee van Voorregte van Londen het in 1924 besluit dat slegs ses regimente die voorreg van vryheid van toegang tot die stad op 'n permanente basis sou geniet. Indien 'n regiment seremonieel van dié voorreg gebruik wil maak, moet die burgemeester formeel van só 'n voorneme in kennis gestel word. Die burgemeester sal dan die stadsbalju na die grens van die stad stuur waar laasgenoemde op gepaste wyse verlof aan die betrokke regiment sal verleen om deur die stad te marsjeer.[41]

Net soos in Brittanje is dit in Suid-Afrika vandag normaalweg gebruiklik dat slegs eenhede aan wie die vryheid van toegang tot die stad verleen is, toegelaat word om met gevelde bajonette, wapperende vaandels en tamboerbegeleiding, deur die strate van 'n stad te marsjeer. Hierdie vergunning is 'n simboliese bewys van die vertroue wat die burgerlike bevolking in 'n bepaalde militêre eenheid het.[42]

Eerbetoning aan 'n weermagsdeel in Suid-Afrika het al so vroeg as 1879 geskied. Die stad Durban het naamlik in Augustus van dié jaar na afloop van die Zoeloe-oorlog die Durban Mounted Rifles by 'n dinee as gas van die burgemeester onthaal. In Julie 1915 het die Johannesburgse stadsraad na afloop van die Suidwes-Afrika-veldtog 'n sertifikaat aan die Rand Light Infantry gestuur; daarin is die eenheid by sy terugkeer in Johannesburg verwelkom en gelukgewens met die sukses wat behaal is. Dit kan moontlik as die begin van die tradisie in Suid-Afrika van die verlening van vrye deurgang van die stad aan weermageenhede beskou word. In 1955 is lede van die Regiment Langenhoven deur die stadsraad van Robertson onthaal en het hulle deur die dorp se strate gemarsjeer. By dié geleentheid is daar op informele wyse aan die eenheid die vryheid van toegang tot Robertson toegeken. In die seremoniële handboek van die Suid-Afrikaanse Weermag (1955) was daar geen afdeling wat die vryheid van toegang tot dorpe of stede behandel het nie. Eers in 1966 is 'n weermagsorder uitgevaardig om die aanvaarding van só 'n eerbewys deur weermagsdele te magtig.[43]

34 *Gekonsolideerde ordonnansies en regulasies van Natal 8*, p. 154 (Ord. 25 van 1974, art. 264).

35 *Ensiklopedie van die wêreld 4* (Stellenbosch, 1973), p. 26.

36 *Provinsie Transvaal: Ordonnansies en regulasies insluitende voor-Uniewetgewing*, pp. 53 en 53a (Ord. 17 van 1939, art. 79(33)); Inligtingstuk vir toekenning van ereburgerskappe, pp. 2-3.

37 Inligtingstuk vir toekenning van ereburgerskappe, p. 3.

38 *Ibid.*, pp. 7 en 15.

39 Konsep vir nuwe seremoniële handboek van die SAW, p. 1 (beskikbaar by die Militêre Informasieburo, Pretoria: pamflette no. 4843, doos 234); inligting verstrek deur luit. A. de la Rey, Militêre Informasieburo, Pretoria, Oktober 1984.

40 *Ibid.*

41 Konsep vir nuwe seremoniële handboek van die SAW, p. 2.

42 Inligting (skriftelik) verstrek deur mnr. J.C.G. Millar (kyk voetnoot 17); Konsep vir nuwe seremoniële handboek van die SAW, p. 2.

43 SUID-AFRIKAANSE WEERMAG, *Seremoniële handboek* (1955); Konsep vir nuwe seremoniële handboek van die SAW (bylae: "Suid-Afrikaanse verband van die gebruik vryheid van die stad — vrye deurgang van die stad").

Groot verwarring bestaan oor die korrekte terminologie wat van toepassing is wanneer 'n weermagsdeel die vryheid van toegang tot 'n stad of dorp ontvang. Daar word byvoorbeeld in hierdie verband dikwels verwys na "vryheid van die stad" ("freedom of the city"), terwyl die terme "vrye toegang van die stad" en "ere-vryheid van die stad" ook soms gebruik word. Die omskrywing wat die meeste gebruik word, naamlik "vryheid van die stad", is afgelei van die Engelse "freedom of the city". Dit is 'n verkeerde afleiding, aangesien "freedom of the city" deur *The shorter Oxford English dictionary* gedefinieer word as "citizenship of a town or city often conferred honoris causa upon eminent *persons*".[44] Omdat "freedom of the city" (ereburgerskap) slegs aan individue toegeken word en nie aan weermageenhede nie, kan hierdie omskrywing nie gebruik word nie. Daar is reeds aangetoon dat dit in hierdie verband in die eerste plek gaan oor 'n vergunning aan 'n bepaalde eenheid of regiment om 'n stad of dorp se grense oor te steek en daar deur te marsjeer. Die 1971-uitgawe van die seremoniële handboek van die SAW verwys ook verkeerdelik na "vryheid van 'n stad of dorp". Die Engelse vertaling hiervan in dieselfde handboek, naamlik "freedom of *entry* into a city or town",[45] is egter korrek en behoort in Afrikaans "vryheid van toegang tot 'n stad of dorp" te wees.

[44] *The shorter Oxford English dictionary* (Oxford, 1959), p. 748. My kursivering.

[45] SUID-AFRIKAANSE WEERMAG, *Seremoniële handboek* (1971), p. 308. My kursivering.